28 Februarie 2021

Hoërskool Kategese

Genesis 17:1-7 en 15-16

praktiese wysheid...

wat wil jy vandag bereik?

Abraham en die verbond gee aan ons die geleentheid om oor God se beloftes aan ons te gesels. Gesels ook met mekaar oor die doop, die verbondsdoop en wat die betekenis daarvan vir elkeen van ons is.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is die weirdste/snaakste/vreemdste 'raar-maar-waar' storie wat jy al ooit gesien of van gehoor het?

Het jy al ooit iets gesien of beleef wat jy net moes sê: "Dit is die Here! Dit kan niks anders wees as die Here nie!"

Hoekom dink jy glo mense (nie) vandag nog in die Here (nie)? Wat maak dat jy glo of nie glo nie?

word stil

Lees Psalm 22:23-1

Maak 'n lys van dinge waaroor jy die Here wil loof en prys en dank. Skryf dit neer en bid dit dan.

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Genesis 17:1-7, 15 en 16 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Hoekom dink julle lees ons die teksgedeelte in lydenstyd? Wat dink julle het dit met Jesus te doen?
- God het 'n belofte aan Abraham gemaak toe hy al 99 was, dat hy 'n groot nageslag sal hê. Die ding was net dat dit al 24 jaar was nadat God die belofte die eerste keer aan Abraham gemaak het. Dink jy Abraham en Sara het nog geglo dat dit gaan gebeur?
- Abraham beteken 'vader van vele'. Abraham het egter nog geen kinders gehad nie. Spekuleer bietjie oor wat die mense sou sê toe Abram sy naam na Abraham verander?
- Wat is 'n 'verbond'? Wat beteken dit as ons sê ons is 'kinders van die verbond'?
- Hoekom dink julle het God vir hulle 'n verbondsteken gegee (die besnydenis)? In die Nuwe Testament, in die evangelies, lees ons dat Jesus vir ons 'n nuwe verbondsteken gegee het - die doop. Gesels so bietjie oor die simboliek van beide die tekens.
- Die teken is nie wat ons red nie. As jy gedoop is, beteken dit nie noodwendig jy is 'gered' nie. Hoe word mens 'n 'kind van die Here', hoe word 'n mens 'gered'?
- God verloor nooit geduld met Abraham nie. Selfs wanneer Abraham ongehoorsaam is en foute maak. Hy word nog steeds beskou as 'n 'geloofsheld'! Hoe laat dit jou voel? Wat dink jy is die vereistes vir 'n 'geloofsheld'?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Gee jy vir God kans om sy beloftes vir jou waar te maak?

As jy al klaar as baba gedoop is, vra jou ouers of hulle op die doopseël kan kyk wat jou doopdatum is: teken die datum aan, sit 'n reminder op jou foon en vier elke jaar jou doopdag.

Het jy 'n foto van jouself op jou doopdag? Share dit!

Elke keer as jy bad/stort/jou hande was die week, sê hardop: "Dankie, Here, ek is gedoop!"

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."